FALCON FOCUS

UITREIKING 48 • AUGUSTUS 2015

30 JAAR EN ONTWIKKEL STEEDS

Vanjaar vier Falcon 30 jaar se suksesvolle diens aan die landbou en grasbaanbedrywe in Suid-Afrika en sub-Sahara-Afrika. Ons is besonder trots op hierdie prestasie, want soos ons almal weet, is dit aan die een kant 'n taai omgewing om in te werk, maar aan die ander kant 'n wonderlike omgewing met wonderlike mense. Ons as 'n maatskappy bly steeds ontwikkel soos wat ons daarna strewe om aan te pas by die snel en immerveranderende speelveld waarin ons meeding.

Van al die personeel by Falcon, ons hartlike dank aan 'n ieder en 'n elk van julle, ons fantastiese handelaars, wat ontsaglik daartoe bygedra het om ons te maak wat ons vandag is. Dankie!

Soos julle weet, het ons twee sleutel-fokusgebiede in ons besigheid, naamlik plaaslike vervaardiging en die in en uitvoer van Amazone-implemente. Aan die vervaardigingskant het ons onlangs die F60/450 Flexwing-wentelsnyer bekendgestel – die enigste plaaslik-vervaardigde opvouvlerk-wentelsnyer in die land. Omdat ons plaaslik vervaardig, en grootliks randgebaseer is, is ons pryse 35% beter as dié van enige van die ingevoerde, opposisie-implemente. Ons het ook reeds ver gevorder in die ontwikkeling van 'n nuwe reeks vleëlstokkiekappers/grassnyers met snywydtes van 1,5 tot 2,3m weer eens, die enigste plaaslik-vervaardigde vleëlimplemente in die land. Ons het twee wat tans uitgebreide veldproewe ondergaan en hierdie opwindende reeks sal teen die einde van 2015 beskikbaar wees. Dit sal ons 'n prysvoordeel bo die ekwivalente ingevoerde implemente gee, asook die buigsaamheid van voorraadhouding en baie beter leweringstye. Meer oor hierdie opwindende nuwe verwikkelinge op die volgende bladsy!

Skole, sportklubs en ander ontspanningsgeriewe is konstant onder geldelike druk om meer met minder te bied. Ons het na hierdie mark geluister en onlangs nuwe modelle tot ons Blowermower™ en Grassmulchers™ reekse toegevoeg om in hierdie opsig te help. Gebaseer op die verskillende gebruike en behoeftes het ons hierdie implemente meer bekostigbaar vir die prysgevoelige koper gemaak.

Ons verhouding met Amazone word elke jaar sterker en ons is onlangs aangewys om na ons buurlande waar ons reeds handel dryf, om te sien. Amazone bring voortdurende nuwe en vernuwende produkte uit, en die langverwagte Isobus-eienskappe begin alreeds in ons mark beskikbaar word. Die verkope van spuite, strooiers en grondbewerkingsimplemente bly toeneem, en die Amazone-strooiers het 'n markleier in ons land geword. Ons streeksverkoopsbestuurders en tegniese personeel van sommige van ons handelaars het Amazone in Duitsland weer besoek vir omvattende opleiding om te verseker dat ons op die hoogte bly van nuwe tegnologie en dat ons die diens kan verskaf wat ons klante verwag.

Nog 'n NAMPO is verby (my 13de), en dit was weer eens wonderlik om almal te sien, goeie sake in die winter te doen, en al die terugvoer (99% positief) direk van die mark te hoor. Al wat my pla, is dat NAMPO te vinnig weer hier is en ons almal is nog 'n jaar ouer!

Om mee af te sluit: ek probeer om my nie te veel te laat beïnvloed deur die huidige negatiewe handelsomgewing waarmee ons almal te kampe het nie (soos droogtes, misoeste, stygende rentekoerse, grondhervorming e.d.m.). Gelukkig is ons vol vertroue dat omdat Suid-Afrikaners taai, vindingryk en suksesvol is, die bedryf sal herstel en die uitdagings en die huidige moeilike tye sal oorleef. Ons sien uit na die komende seisoen met goeie oespryse en genoeg reën.

Laastens verwelkom ons Elaine van der Westhuizen in ons span as bemarkingsbestuurder – danksy haar ingryping is Falcon Fokus weer op dreef.

Steve

Steve Thurtell
Besturende direkteur

Ns. "Moenie streef na wat jy is nie, maar na wat jy kan wees." Lucas Hellmer
Nns. "Te midde van moeilikhede lê geleenthede." Albert Einstein

NAMPO 2015

Die eerste Oesdag is in 1967 gehou en die eerste NAMPO Oesdag op NAMPO Park in 1974. Sedert 1995 is Falcon nog elke jaar by NAMPO. Vanjaar was dit die 20ste jaar dat ons daar teenwoordig was.

Een keer 'n jaar, vir vier dae, bring NAMPO die beste maatskappye, vervaardigers en produsente in verskeie nywerhede onder een dak byeen en lok duisende klante van regoor die wêreld.

Soos een man het die Falcon-span van 11 sonder onverpoosd in die twee standplase gewerk. Daar is geen twyfel nie: Falcon is 'n welbekende handelsmerk, en om al die regte redes. Klante kom na Falcon vir gehalte en duursaamheid wat hulle keer op keer met gemoedsrus laat. Selfs met die minder voete wat NAMPO vanjaar besoek het, het Falcon 'n hoër verkope-persentasie as in die vorige jaar getoon ten opsigte van beide die Falcon en die Amazone produkte.

FALCON Est. 1985 werk vir jou!
VOTEX
AMAZONE
LOCUST

NUWE FALCON PRODUKTE

Falcon Equipment is bekend vir die gehalteimplemente wat hy plaaslik vir verskeie marksegmente vervaardig. Falcon fokus daarop om voortdurend nuwe en vernuwende implemente na die mark te bring – nie net vir die kommersiële en hoë-inkomste-mark nie, maar ook vir die nie-kommersiële en meer prysbewuste-mark.

Nie baie lank gelede nie het Falcon die mediumdiens GRASSMULCHER™ en BLOWERMOWER™ reekse vir die meer prysbewuste koper bekendgestel. Die mediumdiens-reeks het hom as baie gewild onder gebruikers bewys vanweë die kombinasie van gehalte en bekostigbaarheid wat dit bied.

FALCON GRASSMULCHER™

Die Grassmulcher™ is vir enkelaksie-instandhouding van sportterreine en parke ontwerp, en oorkom opruimingsprobleme. Die GrassmulcherTM is 'n tipiese keuse vir 'n klant wat op soek is na die perfekte snit en 'n wyer opsie.

FALCON F60/450 FLEXWING-WENTELSNYER

Terwyl al hoe groter implemente gewoonlik die gebruik van groter en kragtiger trekkers vereis, het Falcon hierdie tendens op sy kop gedraai deur 'n implement te ontwerp wat nie so 'n eis stel nie, ondanks die grootte daarvan: Falcon se Flexwing-wentelsnyer om by sy welbekende wentelsnyerreeks te voeg.

Die Falcon F60/450 Flexwing-wentelsnyer is die grootste plaaslik-vervaardigde wentelsnyer in Suid-Afrika. Die voortdurende behoefte aan hoër produktiwiteit, gepaard met immer stygende koste van arbeid en diesel en die verswakking van die rand, het tot die ontwerp en bekendstelling van die nuwe Falcon F60/450 Flexwing-wentelsnyer gelei.

FALCON BLOWERMOWER™

Die gewilde mediumdiens BlowermowerTM word meestal vir terreine soos skool en sportvelde, parke, natuurbewaringsgebiede, damwalle en munisipale terreine gebruik. Dit is daarvoor bekend dat effektief en taai is in enige landskap, en waarborg elke keer 'n volmaakte snit.

Die mediumdiens Blowermower™ bied 'n grassak-hegstuk as 'n opsionele ekstra oor al die reekse heen.

Vir meer inligting, of om te reël vir 'n demo, raadpleeg asseblief jou naaste Falcon streeksverkoopsbestuurder.

AMAZONE FOKUS

Falcon, tesame met Amazone, is voortdurend op soek na nuwe, vernuwende implemente wat daarop gemik is om klante se immer toenemende eise te bevredig. Twee van die jongste implemente wat bekendgestel is, is die nuwe Amazone GreenDrill-saadplanter en die Amazone ZA-TS 4200 Ultra Profis Hydro kunsmisstrooier.

AMAZONE GREENDRILL

Die GreenDrill-eenheid is Amazone se nuwe oplossing vir die saai van kontantgewasse en heraanplanting van gras. Die GreenDrill kan op verskillende Amazone-grond-bewerkings-implemente met werkswydtes van tot 6 m gemonteer word, soos die Catros kompakte skotteleg, die Cenius-mulch-ghrop en die KG draaighrop of KE-draai-eg.

Die 200 en 500 liter GreenDrill saadbakke is via die toegangstrappies maklik bereikbaar. Die saadskag, wat binne-in die afmeeteenheid onder die saadbak sit, kan van normale of fyn saadafmeetwiel voorsien word, na gelang van die saadtipe en toedieningskoerse. Na afmeting word die saad via pype na 'n reeks spreiplate vervoer waar dit direk voor, of agter, die roller of die grondbewerkingsimplement toe-gedien word.

Die aandrywing van die saadskag en die blaaswaaier geskiet via elektriese motor of hidroulies.

Vir beheer van die eenheid bied Amazone twee opsies met verskillende vlakke van operasionele gerief. In die GreenDrill se basiese model kan saadafmeting en die blaaswaaier aangeskakel word en die spoed van die saadskag verstel word. In die geriefsmodel bied die binnekajuit-terminaal ook 'n kieslys om met die kalibreringstoets te help en dit toon die vorentoe-snelheid, bie bewerkte oppervlakte en die werksure.

Daar is verskeie afdelings van die ZA-TS wat beheer kan word. Daar is 16 afdelings wat aangeskakel kan word vanaf die buitenste afdelings na die innerlike afdelings of andersom. Daar is ook die unieke Auto-TS (grens-spuit) funksie wat standaard-toerusting is.

AMAZONE ZA-TS ULTRA PROFIS HYDRO FERTILIZER STROOIER

Die Amazone ZA-TS is die jongste toevoeging tot die welbekend en suksesvolle Amazone-reeks kunsmis-strooiers. Wanneer dit by tegnologie en presisie kom, is dit duidelik dat Amazone met hierdie toevoeging die spel verander het. Die ZA-TS het 'n maksimum saadbakvermoë van 4 200 liter en spog met 'n strooiwydte van tot 54 m.

Die ZA-TS werk ook op die moderne ISOBUS-platform en is toegerus met twee weegselle wat ook 'n kantelsensor vir optimale gewigaanduiding en outomatiese kalibrering insluit.

Seksiebeheer geskied via 8 seksies, en ook die unieke Auto-TS-grensstrooifunksie is standaardtoerusting. Die presisie en spoed by die ZA-TS-strooier is veral noemenswaardig, want dit het die vermoë om 'n ongelooflike 50 ha per uur te strooi. Beslis 'n implement wat die pas in die moderne era aangee.

NUWE FALCON HANDELAARSBEMARKINGS-PAKKE BINNEKORT OP PAD NA JOU!

Falcon kondig met genoeë aan dat die nuwe Falcon Handelaarsbemarkingspakke gereed en op pad na Falcon-handelaars is. Elke bemarkingspak bestaan uit 'n spesiaal-ontwerpte brosjurestaander gevul met die jongste produksbrosjures en voorsien van 'n muurgemonteerde Falcon/Amazone-handelaarsbord. The brosjurestaander het 'n raam aan elke kant wat vir die uitstal van Falcon en Amazone-brosjures ontwerp is en die middelste raam bevat 'n bemarkingsbanier wat maklik verander kan word. Die staander kan aan beide kante swaai om dit na gelang van die beskikbare vloerruimte in 'n gewenste posisie te laat staan. Die nuwe bemarkingspakke sal beslis die Falcon en Amazone-handelsmerke en produkte in jou uitstallokaal beter laat vertoon en bevorder en ons sien uit na hoër verkope as gevolg daarvan. As deel van die uitrolproses oor die volgende jaar sal ons die bemarkingspakke versprei, en sal met ons voorraadhoudingshandelaars begin; jou streeksverkoopsbestuurder sal jou op datum hou met betrekking tot wanneer jy aflewering kan verwag.

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

FALCON SE 3 FOKUSGEBIEDE

Ons by Falcon fokus op 3 gebiede wanneer dit by ons sosiale verantwoordelikheid kom:

- Omsien na kinders (God's Little Lambs)
- Omsien na terminaal siekes (Howick Hospice)
- Omsien na die omgewing (African Birds of Prey Sanctuary).

God's Little Lambs

Ons aangenome kleuterskool, God's Little Lambs, het nog altyd 'n baie spesiale plek in ons harte gehad. God's Little Lambs maak baie staat op die goedhartigheid van ander, en toe ons hoor dat die skool 'n dringende behoefte aan herverf het, asook aan 'n nuwe veiligheidsheining vanweë onlangse uitbreiding, het ons die materiaal en arbeid geskenk om die binnekant van die skool nuut te verf, asook om die nuwe heining vir die nuut-aangeskafte eiendom op te rig.

Howick Hospice

Howick Hospice, ons tweede welsynsfokus, is 'n niewinsgedrewe organisasie wat hom toewy aan sorg vir terminaal siek persone deur tuissorg, opvoeding en opleiding, maatskaplike welsyn en rou-ondersteuning. Hospice maak staat op steun en geldelike bydraes van die breë publiek, sakesektor en filantropiese skenkers, en ons by Falcon bied gereelde ondersteuning aan Howick Hospice.

African Birds of Prey Sanctuary

Ons omgewingswelsynsgroep, African Birds of Prey Sanctuary, is 'n werksfasiliteit wat hom op die bewaring van inheemse roofvoëls toelê en as basis vir deurlopende navorsing, teel en rehabiliteringsprojekte vir roofvoëls dien. Met Shannon Hoffman aan die hoof versorg dié skuiling meer as 180 verskillende voëls van 50 verskillende spesies. Falcon is veral lief vir hierdie welsynsgroep en die werk wat hulle doen.

Solo (links), die valk wat deur Falcon Agricultural Equipment geborg word.

'n Nuwe laag verf vir God's Little Lambs.

Die nuwe heining word by God's Little Lambs opgerig.

FALCON EN AMAZONE BEMARKING

Dikwels word promosies deur ons handelaars onderneem en word advertensies in verskeie bemarkingskanale geplaas om die boodskap te versprei. Falcon wil graag alle handelaars aanmoedig om ons by sulke projekte te betrek. Kontak ons gerus indien julle hulp nodig het met die ontwerp en opstel van die kunswerk of die verkryging van enige beeldmateriaal.

Stuur asseblief ook julle promosies aan ons sodat ons dit op ons Facebook-blad kan plaas.

Indien julle enige Falcon of Amazone bemarkingsondersteuning benodig, kontak gerus ons bemarkingsbestuurder , Elaine van der Westhuizen, op info@falconequipment.co.za, of skakel 033 330 4764.

facebook

ONTMOET DIE BESTUURSPAN BY FALCON

Steve Thurtell
Besturende Direkteur

Julie Thurtell
Projekbestuurder

Tammy Flemming
Finansiële Bestuurder

Elaine van der Westhuizen
Bemarkingsbestuurder

Kay Debideen
Fabriekbestuurder

Russel Jerome
Tegniese / N & O Bestuurder

Ruben van der Merwe
Nasionale Produkbestuurder

Riël Deysel
Streeksverkoopsbestuurder
Westelike, Oostelike en Noordelike Kaap Provinsies

Hennie van Romburgh
Streeksverkoopsbestuurder
KwaZulu-Natal, Swaziland, Oos- en Suid-Vrystaat

Isak Nel
Streeksverkoopsbestuurder
Noordwes, Noord- en Wes-Vrystaat en Sentrale Gauteng

Wessel Vosloo
Streeksverkoopsbestuurder
Limpopo, Mpumalanga en die res van Gauteng

Falcon Agricultural Equipment (Edms) Bpk, Posbus 170, Howick 3290, KwaZulu-Natal, Suid Afrika
Tel: +27 (0)33 330 4764, Faks: +27 (0)86 675 9318, info@falconequipment.co.za, www.falconequipment.co.za